

# BRTIES BREEZE

March/ Maart 2001

Rooi Els Ratepayers Association

PO Box 89 Betty's Bay 7141

redaksioneel

Op Rooiels het ons die afgelope paar maande weer van die skoonhede beleef wat so eie is aan die gebied. Om die Kers-tydperk heen het die natuur haar eie liggies vertoon. Die Wilkense wat naby die rivier woon, het die vuurvliegies gesien wat in hulle duisende hul parings dans ge doen het tydens donkermaan in November. Ook in November het warm rooi planktonryke water ons baai binne gekom en die golwe en strand weke lank snags groen verlig. In Januarie, op die eerste maansverduistering die eeu, het die oer rooi oog van die duister maan van agter die berge oor ons koppe verbybeweeg.

Despite the little rain this season some abundance still reigns in Rooiels. The prolific francolins are fat and happy. The otters are feasting on the overabundance of small crayfish and the baboons are well fed after the festive season. The festive season with all its joys and excesses has come and gone (with fewer people arriving this year) accompanied by the expected Southeaster in full force again.

With global warming the weather patterns are slowly changing. Our sea has been observably warmer over Christmass. Changes are even occurring in the nesting and migratory habits of birds. Changes have also occurred all over the country in man-made institutions bringing new municipal boundaries. For

our town to maintain its unique character within the larger municipal structure we will have to re-negotiate with the new authorities and make them aware of our environmentally friendly Rooiels Vision. Your RERA EXCO will definitely work to accomplish this. With all the changes around us the Rooiels Vision remains a thread of idealistic continuity in the successive EXCOs of RERA. The Rooiels Vision reminds us to consider each other and to tread softly on nature and the fynbos.

Ons woon in die buffersone van eerste internasionale biosfeer in S.A, die Kogelberg biosfeer, met sy hartland net hier agter die berg. Wat ons plant en wat ons doen in ons dorp affekteer die biosfeer. Ons is sy bewakers.

Julle entoesiastiese nuwe Bries komitee het "lewe binne 'n biosfeer" as oorhoofse tema gekies vir die jaar. In die eerste uitgawe kyk ons o.a. ook na die verskynsels wat binne 'n groter kosmiese struktuur funksioneer en nie onderhewig is aan die klein of "mikro-veranderinge" op ons planeet nie. Die Suiderkruis wys nog steeds 100% Suid. Weg van stads-besoedeling hier sien ons snags hoe die Skerpioen en Orion mekaar steeds deur die hemelruim jaag. Die uitspansel van die Melkweg lê snags steeds in skitterende glorie bo ons koppe en herinner ons aan die tydlose skoonheid van die kosmos.

*Evette Weyers*

OUR VISION:  
AN ECOLOGICALLY WELL  
BALANCED AREA  
WHERE MAN AND NATURE  
CAN LIVE IN HARMONY AND  
THRIVE

FROM the Chair

ons nuwe RaadsTid

THE FESTIVE SEASON IN ROOI ELS SEEMED TO BE QUIETER THAN IN THE PAST FEW YEARS; LESS SPEEDING AND FEWER PARKING PROBLEMS AND LUCKILY VERY LITTLE ANTI-SOCIAL BEHAVIOUR.

MY THANKS TO ALL THOSE IN THE BUSINESS SECTOR FOR YOUR HELP IN MAKING THIS POSSIBLE, ALSO FOR KEEPING THE CBD CLEAN, AND THE NEW FYNBOS GARDENS WATERED. THEY ARE LOOKING GREAT, AND WE WILL EXTEND THEM SOON.

THE CHRISTMAS PROGRAM WAS ONCE AGAIN A GREAT SUCCESS- MY THANKS TO ALL THOSE INVOLVED.

THE ROOI ELS RATEPAYERS ASSOCIATION IS IN ITS 29TH YEAR, AND IS AS COMMITTED AS EVER TO OUR "ROOI ELS VISION" AND TO KEEPING ROOI ELS RURAL. A PLACE WHERE CHILDREN CAN SAFELY WALK TO THE SHOPS AND BEACHES, AND LEARN TO RIDE TRICYCLES AND BICYCLES ON REAL GRAVEL ROADS. A SMALL CORNER OF THE EARTH WHERE YOUNG AND OLD ALIKE CAN ENJOY THE "MAGIC OF ROOI ELS," (AS JENNY STARKE ONCE PUT IT IN THE BREEZE) - AND DO THAT IN SAFETY.

PLEASE LET US HAVE YOUR THOUGHTS, IDEAS, SUGGESTIONS AND ALSO CONSTRUCTIVE CRITICISM.

*Basil Moss*

Rooiels: 028 273 8575  
S/West: 021 855 3513  
Cell: 083 280 0162  
[skoonsig@mweb.co.za](mailto:skoonsig@mweb.co.za)

Our new councillor  
in the larger municipal area:  
Marilyn van Rensburg  
from Hawston

Soms is dit goed as jy nie dadelik die persoon wat jy soek, kan opspoor nie. Ek bel vir Grabouw Kindersorg Vereniging op soek na ons nuwe raadslid, Marilyn van Rensburg en gesels eers met Elizabeth Witbooi, 'n kollega van Marilyn.

Tewyl ek verduidelik dat die Rooiels Bries graag 'n onderhoud met Marilyn wil voer, raak sy aan die gesels - "Marilyn, weet wat sy in glo, en as sy iets gedoen wil kry, doen sy dit stil en effektief, maar as daar moelikheid is, dan kan daai groen oë maar skerpsienende wees", sê Elizabeth.

Vir ons op Rooiels met ons positiewe omgewingsgesindheid is daai groen oë 'n goeie teken.

Marilyn is al 20 jaar betrokke met Kindersorg en Gemeenskapsdiens sedert haar sosiale opleiding by die Mienie Hofmeyer Kollege op Worcester. In 1989 is sy en Floris van Rensburg getroud. Hy is 'n kabinetmaker, ook met ervaring van gemeenskapswerk met straatkinders in die Kaap. Hulle twee kinders Lano (11 jaar) en Clemmie (7 jaar) is vir haar 'n bron van groot vreugde.

Oor die probleme van ons streek, veral om die marianne-bronne, het sy persoonlike ervaring waar sy gehelp het om die Hawston Vissersmaatskappy te vestig.

Klein van statur, vind Marilyn dat kinders en veral tieners in haar gemeenskap haar as 'n rolmodel beskou.

"As Raadslid, sal ek poog om eerlik inligting deur te gee aan die gemeenskappe in my groot wyk - ook is ek van voornemens om sekere dae van die week te Kleinmond beskikbaar te wees vir

die dorpe van Rooiels, Pringlebaai en Bettysbaai", sê Marilyn. In plaas van 'n volle werksdag by Grabouw, sal Marilyn slegs 3 dae van die week daar wees om 'n gemeenskapsprojek te voltooi. "Dan kan ek regtig aandag gee aan die groot wyk wat ek verteenwoordig."

*Julia Aalbers*

## TOEGANGSBESTUUR

Die wettige instel van toegangsbestuur vind toenemend in woongebiede landswyd plaas. Die Vereniging (REBV) stel tans ondersoek in na 'n gepaste stelsel om sekuriteit in Rooi Els te verbeter.

Slegs 'n stelsel wat die goedkeuring en ondersteuning van die oorgrote meerderheid van belanghebbendes en eienaars wegdra, sal geïmplimenter word.

Ons glo dat Rooi Els en die see aan almal in Suid-Afrika behoort om geniet te word, maar op so 'n wyse dat dit ook vir die nageslag behoue bly en wet en orde gehandhaaf word. Die doel van toegangsbestuur is dus nie om toegang tot Rooi Els aan enige persone te ontsê nie, maar bloot om te verseker dat die nodige meganismes in plek is om, sover moontlik, te verseker dat toegang nie met onwettige optrede gepaard gaan nie en om ook as 'n afskrikmiddel teen onwettige optrede te dien.

Toegangsbestuur is 'n baie wye begrip. Die begrip dek onder andere, die gebruik van fisiese versperrings (moontlik slegs gedurende sekere tye) die

gebruik van "slim-kaarte" om toegang te verkry, monitoring vanuit 'n motor deur 'n sekuriteitsmaatskappy; moontlik die aanstel van 'n permanente wetstoepassingsbeampte; dalk 'n kamera-monitoringsstelsel, of 'n kombinasie van opsies.

'n Vraelys hieroor is teen einde verlede jaar aan alle eienaars gestuur en waardevolle insette is vanuit die gemeenskap verkry. Die vraelys is deur 'n onafhanklike deskundige aan die Universiteit van Stellenbosch ge-evalueer en 'n verslag is opgestel. Daaruit blyk dit dat daar wél in beginsel sterk steun in die gemeenskap vir 'n toegangsbestuurstelsel bestaan. Ons gaan nou voort om besonderhede en kwotasies rakende die verskeie opsies in te win. Daarna sal die gemeenskap daaroor ingelig word en die geleentheid kry om daarvoor te stem ooreenkomstig die toepaslike verordening. Toegangsbestuur kan slegs suksesvol wees as dit die ondersteuning van die meerderheid Rooi Elers geniet.

## ACCESS MANAGEMENT

PERA is presently investigating access management/ monitoring in Rooi Els to help prevent crime. The Council has in principle no objection to the implementation of some form of access management system, provided that the majority of Rooi Els residents are in favour thereof. No funding should however be expected from the Council.

A recent questionnaire to all property owners was evaluated by an independent sociologist at the University of Stellenbosch. The interim response rate was

47,3% of all privately-owned erven.

The findings were as follows:

- ❖ Most respondents (86,7%) were concerned about crime in Rooi Els.
- ❖ Most respondents were concerned about all 7 of the listed concerns. These were ranked as follows:
  - Burglary and Theft - 91,4%
  - Destruction of Fauna & Flora - 87,5%
  - Littering - 87,5%
  - Poaching - 86,7%
  - Reckless Driving - 84,4%
  - Illegal or Inconsiderate Parking - 84,4%
  - Vandalism - 82,8%
- ❖ Personal safety was a significant factor.
- ❖ Almost half (47,7%) of those responding had already experienced loss or damage as a result of crime.
- ❖ Most crime occurred while respondents were not in residence.
- ❖ Only 23,4% of the respondents live permanently in Rooi Els.
- ❖ most respondents are holiday or weekend residents.
- ❖ The vast majority of respondents (73,4%) were in favour of an access management system for Rooi Els with a wide variety of suggestions, ranging from electronic monitoring with cameras, physical barriers; reduced road access and increased vehicular control.
- ❖ The cost of an access management system is a significant factor but most of the respondents (68%) are prepared to financially support a suitable access management system.

The identified options will now be investigated (advantages, disadvantages and costs) and these details will be submitted to all property owners for their input in a democratic manner.



## VAKANSIEPROGRAM

Die vakansieprogram, gereël en gekoördineer deur Hettie Claassens was propvol familie pret en groepsaktiwiteite waar ons die omgewing en mekaar beter leer ken het. Dit het vroeg afgeskop met die Driekamp onder leiding van Nico Saaiman (hy en Theresa is self topfiks). Families en individue kon deelneem en een dame van oor die 60 het flink saam gekompeteer. Vir families en pretbewustes wat dit gemis het lê dit weer voor in Desember.

The Sandcastle competition, again run by Gail Voigt, also drew families and individual participants and produced an ingenious variety of creations. The Voigt brothers were also willing to organize volley ball on the beach.

Chantall Thompson het vir die eerste keer een van die twee See slypskole (of werksinkels) vir kinders aangebied en gewys dat sy baie van die see weet. Sy kom uit 'n gesin van kranige duikers (haar pa, broer en suster). Die jong Ernst Thompson het ons tydens sy praatjie goed ingelig oor die rasionaal agter die nuwe visvang- en duikregulasies. Hy doen tans sy Meestersgraad in

Marienebiologie aan Rhodes Universiteit in Grahamstad.

"Marius and Evette" had two packed performances at the Sea Horse.

Christine Malan van Kistenbosch Botaniese tuine, is 'n uithaler veldkos- en fynboskenner. Sy het ons op 'n slypskool geneem om te leer wat mens alles in die veld kan eet en hoe om te oorleef langs die kus. (Ons het sommer nuwe respek vir die bobbejane ook gekry wat so baie weet van fynbos!) Christine is 'n puik spreker en plaas al die inligting heerlik binne historiese konteks.

Sy het vertel dat die houtkapperbye 'n perfekte middel-C noot "sing" aan die pienk Satyn blomme, en so "besing", verslap die bekoorde blom haar stuifmeel drade en laat die by toe om haar nektar by te kom. So vind bestuiving plaas.

For those who can find the right notes to sing and the right pitch there were Carols by Candle Light hosted by Geoff and Lynn Harris. Even the wind held its breath to perfect the evening.

Evette Weyers

Living in a Biosphere



The Kogelberg biosphere was the first to be internationally declared in our country. What a blessing to live in its buffer zone and next to its core! With these pleasures also come certain responsibilities.

## WAT PLANT JY OP ROOI ELS?

EEN van die eerste bekorings wat Rooi Els op my persoonlik en ek is seker op die grootste aantal inwoners gehad het was die pragtige natuurlike fynbos. Om dus tuin te probeer maak, (behalwe waar grondversteurings rehabilitasie noodsaak) is vir my verbasend. Die enigste twee behoeftes wat eintlik bestaan is, na my mening, skadu en grasperk. Ons ken almal die wind op Rooi Els en weet dat hier feitlik geen groot bome natuurlik voorkom nie. Om die behoefte van skaduwee en windskerms te bevredig, is my advies dat ons eers bepaal presies waar ons dit benodig en die res van die erf natuurlik laat. Vergeet van 'n spesimen boom in ons wind. Plant liever die bome in groepe van drie sodat hulle mekaar teen die wind kan ondersteun. Die nuwe wet op indringers asook die waterbeperkings dwing ons om inheems te dink. Ons voël- en dierlewe is ook by die inheemse plante aangepas. Probeer om die bome in die somer gereeld te benat. Hiervoor is 'n outomatiese besproeiingsstelsel die beste.

My keuses vir bome:

Kusvaalbos: vinnig en gehard  
(*Brachyleana discolor*)

Wilde Salie: gehard  
(*Tarchonanthus camphoratu*)

Melkhout: Stadig en gehard  
(*Sideroxylon inerme*)

Gebruik asseblief ons pragtige natuurlike buffelgras en vermy Kikuyu in grasperke.

Sukses met die bome!!

Ernst Thompson

## HACKS

The monthly hacks have started again. Come and help us curb these threats to the fynbos. Enjoy some refreshments with us afterwards. If you are not able to hack but would like to help you could host the refreshments afterwards on one of the Saturday morning! Call (028) 2738483 to arrange it.

## 'N OPLOSSING

Swart Kat kom by die trappe af. Sy wil na buite. Adoons wag a die hele oggend daarbuite. Hy wil na binne. Die twee ontmoet van aangesig tot aangesig by die skuifdeur. Swart Kat trek haar krom en spoeg verwoed na Adoons. Adoons skiet op en agtertoe soos 'n bobbejaan in 'n Walt Disney strokiesprent. Hy kyk glad nie om soos hy skoonmaak oor die bultjie nie.

Vir dié wat skote en klappers afvuur om die bobbejane te verwilder moet miskien ou Swart Kat by ons kom leen.

Debby de Vries

## FYNBOS CURIOSITIES

Fynbos is full of strange quirks of nature and it is always a pleasure to sit down with a good book about them, especially if it is too hot or too windy for a walk. Some of the notes that follow come from our end-of-year walks through the nature reserve. For a good book, find a copy of Richard Cowling and Dave Richardson's *Fynbos, South Africa's Unique Floral Kingdom*, Fernwood Press 1995. For a start, let's try three topics

and lets have some feedback from you.

### Fynbos in the Ice-Ages:

Uptake of water by the great ice-sheets of Antarctica and the Arctic caused sea-levels to drop. As False Bay is fairly shallow, it was empty, dry land until the ice melted, only some ten thousand years ago. At maximum glaciation, the Agulhas plain extended 160 kilometres further south than it is today. The resulting broad 'land-bridges' supply answers to otherwise puzzling plant distributions. There were some 17 phases of ice-age cold, the more recent ones lasting about 90 000 years, alternating with warm periods of 5 000 to 15 000 years. The change-overs were sometimes swift. According to fossil pollens, it took about a hundred years to go from a mid-France forest to Scandinavian tundra (dwarf frost-desert). How sensitive are the equilibria which cause such rapid changes? How fast will global warming be?

### Fynbos further back in time:

Flowering plants appeared on the scene about 100 million years ago. Great fossil deposits of wood, leaves and pollens show this. When the underground railway was being made in Washington, D.C. the diggings produced enormous heaps of soil, black with fossils. Cores drilled nearby in broad alluvial fans showed leaves much like today's plane trees used in the Cape as roadside plantings. Starting about 140 million years ago the huge super-continent called Gondwana started breaking up into today's gigantic rafts of rock, taking parts of the floras with them. Africa was the first to break away but the process was slow,

so all the pieces had time to take up shared floras. This is how the Fynbos and Australian floras, especially, come to share plants looking so much like our Protea, Erica and Restio families. Other places with fynbos-like fossils are South America, Antarctica and India.

**ALIEN ALERT:**  
**PLEASE DON'T PLANT**  
**NEW ZEALAND**  
**CHRISTMAS TREES,**  
**MYRTLES, MANATOKAS**

\*•\*

### Fynbos' rich post-burn mosaics:

Having seen our nature reserve develop in the three and a half years since the planned burn one can appreciate how Fynbos lives in patches making up a post-fire mosaic. Past the first 15 years or so the vegetation is, in a sense waiting for the next fire. So many plants in the Fynbos need fire to complete their life-cycle. The irregularity of burns, super-imposed on previous mosaics, gives a variety of short, intense selective pressures which might be at least partly responsible for the richness of species in so many parts of the Fynbos. Many plots have a good sixty to ninety species on them. Between the houses, we need to have a method that gives a fire-like stimulus without the flame. We may be part-way towards this. The horticulturists at Kirstenbosch have found a way of bubbling smoke through water. The resulting solution is sprayed over the soil or soaked into blotting paper. In either way the result is enhanced germination. Heat also has a stimulating effect

for some species but the soil is too good an insulator for this to be of general value. With fire being so important, everyone needs a quick guide as to the age of the vegetation since the last burn. For each of several plants (especially Proteas), count the number of zones of rapid growth, long unbranched stretches contrasting with the short, maybe branched, dormant phase which has a much shorter growth. The plant with the most growth-phase units gives the age of the veld.

*Anthony Hall*

### Pleidooi van die Miskruiers

Die groeiende miskruier bevolking van Rooiels het 'n pleidooi aan RERA gelewer. Hulle is heeltemaal ten gunste daarvan dat mense hulle honde se "pakkette" op die strand optel want dit is onaangenaam vir mense om per ongeluk op een van die sandbedekte honde "slagysters" te trap of gaan lê. Wat die res van die dorp betref vra hulle egter dat ons asseblief die einste slagysters laat lê vir hulle om weg te rol en hulle eiers in te lê. Hulle sê hulle word nie verniet "miskruiers" genoem nie.

*Evette Weyers*



### Some inhabitants of Rooiels are snakes !

The tinkinkies and the robin let us know very shrilly, that all was not well in their realm. On closer inspection (although not too closely), we spotted a sleekly elegant boomslang gliding through the bushes outside our

bathroom window. The birds let us know exactly where he was, even if we could not see him at that moment.

At one point he rose straight out of a bush and viewed the vociferous birds with his large Smartie-like eyes with as much indignation as his reptile head could indicate. He was moving very quickly as compared to the lazy slither of the puffadders we have seen. We kept careful track of him until he left the precincts of our house. We now realise that boomslange are not confined to tall trees and that fynbos-high bush is good enough for them.

That has brought our tally of snakes spotted this summer to three - a puffadder, a coral snake and a boomslang. All were seen on really hot days on our property or near the Nature Garden. So watch the path when out walking even in open places and look before breaking through the undergrowth on hot days.  
*Debby de Vries*

**REDUCE  
RE-USE  
RECYCLE**

## Piekfyn Pikkewyn

Kyk, hier op Rooiels kry mens mos mooi dae en dan kry jy daardie oomblikke in die jaar wanneer die dag sy asem ophou – 'n ongelooflike dag wat jy nie vir buitestaanders kan beskryf nie, omdat dit so onwerklik is. Nou die oggend toe ek 5:30 opstaan, was dit so 'n ademlose dag en terwyl ek staan en proe aan my koffie op die mooiweerbalkon, balk 'n donkie hier reg voor die huis op die

strand! Skielik trek daar 'n hele koor van donkies los en vir 'n vlietende oomblik dog ek ek is weer 25 jaar gelede in Owamboland toe die bronstige wildedonkiehingste hulle merries in die vroegoggend aangekeer het.

Ek gryp my verkyker en daar tel ek een vir een 358 brilpikkewyne in groepies van 20 tot 25 net anderkant die bamboeslyn in Rooielsbaai. Vandaar die Engelse naam Jackass Penguin of Donkie Pikkewyn. (En moes dit nie eintlik *Brulpikkewyn* wees nie?)

Ek het tevrede my beker weer opgevol. As jy 358 van 'n bedreigde spesie op een plek kan tel, voorspel dit 'n piekfyn toekoms vir ons Rooiels mariene habitat

*André Wagener*

**Selfs in 'n biosfeer kom daar soms indringers wat skade aanrig**



## Misdaadvoorkoming

- Huise met alarm en gewapende reaksiestelsels word deur misdadigers vermy. Dis raadsaam om die dienste van so 'n sekuriteitsmaatskappy aan te skaf en die kennisgewing van die maatskappy duidelik op die huis aan te bring.
- Huise met aluminiumvensters en -skuifdeure is sagte teikens. Boor gate deur die skuifdeurrame en skroef hulle vas as u huis vir 'n tydperk leeg staan. Maak seker dat die aluminium-

vensters dig sluit, sodat inbrekers nie 'n hefboom kan indruk en hulle oopbreek nie.

- Inbrake vind meer dikwels plaas tydens donkermaan en tydens lang oornagkragonderbrekings. Tydens hierdie kragonderbrekings werk slegs daardie alarmstelsels wat bystandbatterye het. Maak seker dat u so 'n stelsel aanskaf.
- Inbrekers het meestal selfone vir vroeë waarskuwing.

Koester ons ouer inwoners. Behou telefoniese kontak en bel hulle veral as daar 'n verdagte voertuig in die omgewing is. Maak seker dat u die telefoon- en selfoonnommers van die mense in u onmiddellike omgewing byderhand het.

- Ons kan met vrymoedigheid die Kleinmond polisie bel om 'n verdagte voertuig se maak, nommer en kleur aan te meld. Hou die volgende in gedagte:
  - Die polisie reaksietyd is ongeveer 40 minute.
  - Die polisieradios werk nie in Rooiels nie.
  - Oor naweke is daar net twee beamptes aan diens, waarvan een in die kantoor moet bly.
- Rooiels is 'n klein dorpie met beperkte in- en uitgange. Dit is veral maklik om hier suksesvolle misdaadvoorkommingsmaatreëls te implementeer. Die voorwaarde is net dat alle inwoners betrokke moet raak by misdaadvoorkoming.
- Bel die polisie 271333 of Seewag 083 212 2252/3.

*André Wagener*

# Features

There's no road has not a star above it. - RW Emerson



## 'N STERREWEG LOOP TOT BY MY VOORDEUR

Op die *Isle of Man* is daar 'n mite wat beweer dat die Towenaar-Heerser van die eiland, Mannanin, jaloers was op sy pragtige eiland. As Mannanin enigsins gevoel het dat te veel nuwelinge die eiland oorstrom, het hy 'n mistigheid oor die eiland laat daal om die eiland te versteek. Sodoende het hy die eiland vir homself behou.

Ek bly elke jaar 'n ruk lank op die eiland. Die sagte wit-grys mistigheid bestaan werklik en sak stilletjies oor alles toe, amper elke somersaand. Die seeklanke verdof, die heuwels verdwyn en daar heers 'n misterieuse kalmte in die dale. Dit is 'n ander soort prag. Die kleure van alles is verbleik en selfs gewone daaglikse verskynsels neem ander gedaantes aan. Dan word die eiland 'n sprokiesplek.

Maar na soveel maande se saamlewe met hierdie natuurverskynsel, al is dit hoe mooi, het ek agtergekom dat ek iets mis as ek saans gaan stap. Laat een aand het ons terug huis toe gestap, na 'n ete met vriende, en toe ons opkyk was daar vir eens ope lug en sterre. Ek het gaan staan en net gekyk. Toe besef ek wat ek eintlik mis - die Sterre!

Daar is sterre in die Noorde, maar die wolke, mistigheid en veral die lig- en lugbesoedeling van die groot stede is so erg dat die mense daar nie meer besef hoe lyk sterrelig in 'n ope sterrelug. Die kristalhelder, dansende liggies wat amper elke nag oor ons hang op Rooiels is 'n skoonheid wat ek seker is almal op Rooiels waardeer.

Teen die donker Afrika naglug lyk die sterre soos 'n besprinkling van glinsterende diamante bestrooi deur 'n reuse towerstok. En toevallig (of miskien nie) is een van die groepeerings sterre wat ook op die eiland te vinde is, die Suiderkruis, en dit is juis hierdie konstellasie wat eeue-lank al aan mense in die Suidelike Halfrond rigting aanwys.

Ek het op die eiland op 'n Keltiese gesegde afgekom: *Gun till do cheum, as gach Ceàrn fo Rionnag - iuil An dachaidh* - Mag al jou treë van die uithoeke van die wêreld terugwaarts keer, onder die ster wat die pad huistoe aandui.

Vir my sal die ster altyd die een wees wat die blinkste skyn uit die Suiderkruis.  
*Debby de Vries*



## SKAKEL AF EN SIEN DIE STERRE



## DIE STERREHEMEL

Die mens het hom vanaf die vroegste tye verwonder oor die

sterreheemel. Daarvan getuig oeroue monumente. Ons weet ook dat toe die mens landbou begin beoefen het, 'n kalender onontbeerlik geraak het en dat die sterreheemel die mens se eerste kalender was.

Vanaf die vroegste tye af tot vandag toe, is die belangrikste astronomiese gebeurtenis die wonderlike en perfekte opeenvolging van dag en nag. Hierdie feit gee ritme aan ons lewens. Al ons liggaamsfunksies is daarop ingestel. Dis in ons gene vasgelê. Ons kan uit die posisie van die son sê min of meer hoeveel daglig nog oor is, terwyl die punt waar die son saans op die horison ondergaan (wat elke dag 'n bietjie verskuif) weer vir ons sê of winter of somer in aantog is.

Saans wanneer die son onder die horison verdwyn, verskyn die eerste sterre een vir een, amper asof iemand klein lampies in die hemelruim opsteek. Mens merk dat die eerste helder ster na sonsondergang in die weste, elke aand 'n bietjie laer op die horison hang, terwyl die sterre in die ooste effens hoër sit. Jy merk ook dat sommige helder sterre anders is, spesiaal is. Anders as die oorgrote meerderheid van sterre wat in vaste patrone voorkom, is hierdie "spesiale sterre" wandelaars, reisigers. Hulle beweeg in die hemel rond en reis van konstellasies tot konstellasie. Hierdie spesiale sterre staan bekend as "planete". Die woord laat mens sommer dink aan sferie wat deur die ruimte tol - soos die aarde self. Maar hierdie woord kom oorspronklik uit Grieks, waar dit "swerwers" beteken, en onderskei die planete (dws. ons mede-Sonnestelsel "bewoners") van die

sterre wat in vaste patrone aan die hemele hang.

Hierdie vaste konstellasies is nog dieselde as toe die eerste mense die sterrehele aanskou het; soos soveel ander voor ons in die geskiedenis. Die konstellasies sou maklik herken kon word deur enige soldaat in Julius Caesar se legioene, die burgers van antieke Athene en die swerwende Israëliete op hulle omwandelinge deur die woestyn.

Legendes is om die konstellasies verweef - soos die van Perseus en Andromeda, Hercules en Pegasus, die jagter Orion met sy glinsterende gordel en die Groot Hond wat die helderste ster in die hemel (Sirrius) in sy konstellasie het. En dan is daar die fyn sprankel van die Melkweg - die antieke weg van die gode. Die Melkweg is ons eie Sterrestelsel (een van ontelbaar baie in die Heelal). Al die sterre wat ons in die hemel sien, is deel van die Melkweg.

Die Maan neem verskeie vorme aan soos sy van nag tot nag, maand tot maand deur die hemelruim reis. Partykeer is sy 'n dun silver boog. Partykeer groei sy tot 'n kragtige sirkel van lig. En partykeer beleef die Maan 'n avontuur. Met maansverduistering lyk dit amper asof iets die maan stadig insluk totdat sy dof en rooi gloei in die maag van 'n half-deursigtige roofdier. Maar die Maan kruip altyd weer stadig, moeitewol terug - om uiteindelik weer triomfantlik en in volle glorie in die hemel te hang.

Ja, die aandhemel is vol verrassings. Verskietende sterre (meteoriete) val onverwags deur die hemelruim sodat mens tot 5

of 6 per uur op 'n perfekte helder nag kan waarneem! Soms stroom hulle eenvoudig die hemelruim binne. Die rotskuns van die KhoiSan wys hoe die verskietende sterre ook hulle betower het.

Selfs die son laat sy merk op die naghemel - as jy weet waar om te kyk. Maar dan moet 'n mens ook die sterrehele leer ken om baie van sy wonderre raak te sien.

Die naghemel is gratis. Dit gee mens persektief oor waar jy in die Heelal inpas. Dit stimuleer 'n mens se intellek, maar spreek ook jou siel aan. En wanneer jy partymaal so eng in jou eie klein wêreldtjie vaskyk, herinner dit jou dat jy deel is van iets onbeskryflik groots, dwing dit jou eenvoudig om uitwaarts, bóóntoe te kyk...

*Estelle Raymond*

(Bron: *The Sky at Night* deur Terry Maloney) ☆



## COME STARGAZING WITH US



### RERA'S HOLIDAY PROGRAM 2001



### *Die Legende van Orion*

*Orion was die seun van Neptunus en 'n magtige onverskrokke jagter; 'n reus. Hy het gedreig dat hy al die diere op aarde kon vernietig. Gaia, die godin van die aarde, was woedend hieroor en het die Skerpioen gestuur om Orion in die hak te steek en dood te maak.*

*Snags speel hierdie verhaal speel hom in die hemele af. Wanneer Skerpioen in die ooste opkom gaan die konstellasie van Orion in die weste onder.*



## MAANSVERDUISTERING

Dis ou nuus. Almal het dit gesien. Diegene wat krietek op TV gekyk het, het dit gesien met die komplimente van die regisseur en kameraman. Dit is gesien vanaf Messina, Hillbrow, Gugulethu, Sutherland, oral. Die volgende een kom in die jaar 2003. So wat was nou spesiaal aan die maansverduistering op Rooiels? Miskien net dit: die verstommende stilte, geaksentueer deur die verskrikte gefluit van die tobie-paar (oestervreters) en 'n surrealistiese sensasie van 'n groot dier wat stadig sy oog knip, danksy die gebrek aan beligting op Rooiels. En die feit dat jy dit altyd sal onthou as een van die oermomente van Rooiels.

*André Wagener*



....dis die laaste skuiwende verduistering van hierdie bloederige duisend jaar die aarde vreet die hemele swart en die oogappel in die sterwensbaan van stof en rook word rooi van afstand en van ouderdom om deur gluisende verbystering ingesluk te word...

*uit Breyten Breytenbach se gedig: Boom agter die Maan, oor die laaste maansverduistering van die 20ste eeu*





### THE GREEN FLASH

Ever heard of a mysterious green flash that sometimes occurs for about a second or two at sunset?

Yes, it exists. Few people have seen this elusive green flash, yet it is one of the most startling and colourful of sunset or sunrise phenomena, requiring patience and lots of good luck to be seen. When atmospheric conditions are just right, at the last moment of the setting Sun, a green beam of light shoots up for a few seconds immediately after sundown.

I have been privileged to see it at Rooiels – once. And judging from the wealth of material written about this subject and the enthusiasm of all those who have observed it, having seen the green flash once is enough to be hooked for life. Thereafter each sunset holds a special promise. You involuntarily find yourself holding your breath for that last second or two as the Sun sinks into the sea.

